AFRIKAANS HUISTAAL: GRAAD 10
VRAESTEL 1 JUNIE 2015
MEMORANDUM

AFDELING A: LEESBEGRIP

NASIENRIGLYNE

- Spelfoute en een-woord-antwoorde word slegs gepenaliseer as dit die betekenis van die woord verander.
- Geen penalisering vir aan- of afwesigheid van aanhalingstekens nie, al word 'n aanhaling gevra.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter OF die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

VRAAG	DENKVLAK	PUNTE
1.1 Videospeletjies kan oplossings vir onderwysprobleme verskaf.	4	1
1.2 Videospeletjies boei kinders en dit is interaktief.	1	2
1.3 Die woord "waarskynlik" dui aan dat die skrywer bloot 'n mening lug.	4	1
1.4 Om 'n videospeletjie te speel EN om na 'n onderwyser te luister.	1	2
1.5 Prof. Van Zijl het nie vanself/ uit eie wil haar mening gelug nie.	4	2
1.6 Videospeletjies laat kinders nie ongemak ervaar nie, hulle kan leer terwyl hulle speel en dit ontwikkel kinders se kognitiewe vaardighede.	2	3
1.7 Dit moet die kind se aandag kan hou en die regte konsep oordra.	2	2
1.8 B/ Denke	3	1
1.9 "veral"	1	1
1.10 Onderwysers twyfel of videospeletjies in die klaskamer kan werk.	3	1
1.11 Skole moet baie rekenaars hê/ ten volle gerekenariseer wees en videospeletjies moet raakpunte met die kurrikulum hê	1	2
1.12 Hy glo nie onderwysers sal tyd hê om kinders in die klas te laat speel nie, omdat die kurrikulum alreeds vol is.	1	1
1.13 Dit kan sy leerders help om inligting in te neem.	1	1
1.14 Teks A is positief oor die gebruik van videospeletjies in die klaskamer terwyl Teks B skepties/ negatief is daaroor.	5	2
1.15 Groter lettertipe (en vetdruk) EN/OF dit is binne 'n raampie of EN/OF hoofletters. Enige twee	2	2
1.16 Iemand wat in Afrika gebore is/ inboorling van Afrika. (Nie Suid-Afrika nie)	5	1
1.17 Investec OF die firma Investec	2	1
1.18 Wat van belang is vir die tyd en situasie.	3	1
1.19 "globale kundigheid"	2	1
1.20 Privaatbankwese/ beleggingsbankwese/ batebestuur/ dis 'n eiendomsgroep/ sekuriteite (Enige een)	1	1

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING
VRAAG 2

Nasien van die opsomming

- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde, skryf. •
  Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui. •
  Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite -
    3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10
- Verspreiding van punte vir taal as kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1-3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4-5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6-7 feite korrek: ken 3 punte toe

	Aanhaling		**Eie woorde/ Feite**
1	Elke mens soek iets behalwe se eie spesie om te vertroetel en te versorg.	1	Diere voorsien in die behoefte om 'n ander spesie as die mens te vertroetel en te versorg.
2	Daar is geen beter manier om jong kinders verantwoordelikheid te leer as om hulle vir 'n dier te laat sorg nie. Gou besef hulle dat sommige verantwoordelikhede net nie verwaarloos kan word nie.	2	Die versorging van diere leer aan jong kinders verantwoordelikheid.
3	Dink byvoorbeeld aan honde wat opgelei is om vermiste mense se spore te volg en hulle in vele gevalle te vind – lewend of dood.	3	Opgeleide honde kan vermiste mense lewend of dood opspoor.
4	Die funksie wat gidshonde speel om aan blindes 'n groot mate van onafhanklikheid te gee, is van onskatbare waarde. Die blinde en sy gidshond is onafskeidbaar.	4	Gidshonde gee aan blindes onafhanklikheid.
5	Ernstige siek mense of bejaardes vind ontsaglike baat by die omgang met troeteldiere – al herstel hulle nie fisies nie, word hul geestelike gesondheid gestimuleer.	5	Diere verbeter/ stimuleer die geestelike gesondheid van bejaardes en ernstige siek mense.
6	Honde word dikwels op lughawens ingespan om dwelmmiddels uit te ruik en die dwelmhandel so te bekamp, wat weer tot 'n gesonder samelewing en verminderde misdaadsyfers bydra.	6	Honde verminder misdaad en bevorder 'n beter samelewing deur dwelms op lughawens op te spoor.
7	Honde word reeds opgelei om kankerselle uit te ruik. Dit dra by tot 'n vroeë diagnose en nog 'n lewe kan gered word.	7	Opgeleide honde ruik kankerselle uit en help red sodoende lewens.

Troeteldiere verskaf geleenthede aan die mens om 'n ander spesie as hyself te vertroetel en te versorg. Jong kinders leer verantwoordelikheid deur 'n troeteldier te versorg. Gidshonde help blindes om meer onafhanklik te wees. Bejaardes en ernstige siekes se geestestoestand word deur die interaksie met troeteldiere verbeter. Opgeleide honde spoor dwelms op lughawens op en verminder so misdaad en verbeter die samelewing. Honde word geleer om kankerselle uit te ruik en help dus lewens red.

[75 woorde]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C

VRAAG 3: KOERANTBERIG	DENKVLAK	PUNTE
3.1 skaarsste	2	**1**
3.2 bywoordelike bepaling van tyd	3	**1**
3.3 doodgewone	2	**1**
3.4.1 Die boom waarin die twee eekhorings gewoon het. 3.4.2 Dit wek die leser se simpatie.	3 4	**1** **1**
3.5 Hulle is gedurende die opruimingsproses deur die boomkappers	2	**1**
3.6 gevat – geneem	2	**1**
3.7 Ontronding	3	**1**
3.8 Kapenaars	1	**1**
3.9 daagliks	2	**1**
Totaal		**10**
VRAAG 4: RUBRIEK		
4.1.1 Soos ‘n wonder 4.1.2 Jy werk wonderlik met kinders. / Sy is wonderlik getrou. 4.1.3 won	3 3 1	**1** **1** **1**
4.2 Voorblaadjie	2	**1**
4.3 Om iets heeltemal te verwoes. / Uitmekaar te laat spat.	3	**1**
4.4 Publikasie/ Publisiteit	3	**1**
4.5 treffende	3	**1**
4.6 Dis glo moeilik om rekspronge te doen. / Sy is glo baie slim.	4	**1**
4.7 Vyf en veertig/ vyf-en-veertig	1	**1**
4.8 Om iemand fisies te help. Oorgaan tot aksie.	4	**1**
Totaal		**10**
VRAAG 5: VISUELE TEKS		
5.1 Ek is bang omdat daar ‘n monster onder my bed is.	2	**1**
5.2.1 koppelwerkwoord 5.2.2 abstrakte selfstandige naamwoord	3 3	**1** **1**
5.3 slypsteen	3	**1**
5.4 Kinders is dikwels bang dat daar ‘n monster (gedierte of spook) onder	5	**1**
VRAAG 6: VISUELE TEKS		
6.1.1 Cronjé’s 6.1.2 laboratoria	2 2	**1** **1**
6.2.1 opgewonde 6.2.2 bedroë	3 3	**1** **1**
6.3 Dan weet ‘n mens.	4	**1**
Totaal		**10**

TOTAAL AFDELING C: 30